Mense en Plekke van die Piketberg-kontrei

Skool en Kerkgrond, Kapteinskloof



Dit was maar die Moraviese eiendom. En ek behoort mos nou aan die Moraviese kerk. En ek het vertrekking by hulle gekry so ek het nou … ek was verplig om die kerkdienste te hou. Elke week. Die predikant het maar so een keer in die maand maar gekom. As iemand getrou het of iemand gedoop het, het hy nou spesiaal gekom, of 'n begrafnis kom hou. Ek het maar baie van die mense maar self begrawe, kinders en groot mense ook. Ja.

Toe ek by die skool begin het in '58, sê maar 100 kinders. Was aan die begin seker die meeste gewees. Ja. Het al minder, al minder geword … En toe gaan die kindertjies Bitterwater toe. Toe gaan die skool heeltemal toe. Ek het '93 afgetree, so twee of drie jaar seker na '93 het die skool heeltemal gesluit.

In die boonste gebou was twee klaskamers. In die onderste sinkgebou was ook twee klaskamers met 'n gordyn in die middel. Die klaskamers nou: a en b en 1, en dan nou 2, 3, 4, 5 was saam gewees. Ek het 2, 3, 4, 5 gehad. Ek het mos nou al die vakke gegee. Daar het 'n mens groepe, groepe en groepe gemaak. Jy kan nooit sit nie. Daar is nie kans om te sit nie. Toe ek aftree die dag, 1993 toe het ek my stoel [huistoe] gebring. Want my stoel was splinternuut wat ek gekry het in 1958. Ek het nooit op hom gesit nie.

Die gemeenskap was mos maar nou plaasarbeiders. Hulle kinders het almal daar skooltoe gekom. Van die kinders wat daar skool gegaan het voor my tyd en tydens my jare daar, het baie uitgestyg.

Daniel Julius, voormalige skoolhoof

Ek het mos maar hier klaar skool gegaan in Kapteinskloof. Ver maar gestap in die oggende van Sterkfontein af tot hier by die skool. In die winter was dit so koud gewees. Daai tyd toe ken ons nog nie van bus ry nie. Ook nie van skoentjies en sokkies wat die kindertjies vandag het. So, kaalvoet maar daai jare.

Betty Abrahams

Jy het hoeveel in 'n bank … amper soos 'n lessenaar. Kyk, hier op skryf jy. So jy's 'n hele klomp so langsaan mekaar. So rye, rye, so was dit, seuns eenkant en die meisies anderkant. Ja, so was dit gewees. Verskillende ouderdomme. Dit was nie nodig van jy moet net so oud of so oud wees nie – dit was verskillende ouderdomme.

Tassie Koordom



Ons het feeste gehad. Vir die kinderfees het mense van die Kaap gekom met busse. Omliggende plase het hiernatoe gekom. Stories word vertel in die kerk vir die kinders. Die diens het begin met 'n predikasie, en die namiddag was dit 'n liefdemaal vir die kinders. Hulle was bedien met tee en bolletjies. Koortjies was gesing. Toe het die storietjies in die namiddag ingekom. Enige storietjie. Sommer nou van jakkals en wolf en Sannie en Grietjie. Enige storietjie om die kind gelukkig te maak vir daardie dag. So hulle het actually uitgesien na daardie dag. Want baie van die kindertjies, dit was die dag wat baie van die seuntjies 'n nuwe broekie of 'n nuwe hempie gekry het, en die meisies 'n nuwe rokkie. So dit was 'n mooi fees vir ons.

Dit is darem 'n interessante werk om met hierdie klein kindertjies te werk. Dis nou actually baie spannende werk gewees, maar baie goed. Ek het dit geniet. Ja. Ag, jy mis daardie tyd. Jy verlang na daardie tyd. As dit so stil is, hoor jy daardie kinderstemmetjies nog rondom jou. Dit is eintlik 'n - ek weet nie wat om te sê nie - .n vermisting.

Katrina Abrahams, voormalige onderwyseres

VASSA Vernacular Architecture Society of South Africa Volksboukundige Vereniging van Suid Afrika
nhc National Heritage Council SOUTH AFRICA an agency of the Department of Arts and Culture
Tracing History Trust
topcopy